

Pretoria Brief 2009.12 [Desember]

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria. Nog 'n jaar is amper verby en ek hoop dat u almal 'n geseënde Kersfees sal hê en dat die nuwe jaar vol voorspoed sal wees.

Daar bestaan verskeie foto's van die waens en tente rondom die kerk tydens nagmaal. Oor die gebeure tydens die nagmaalsnaweek in daardie tyd is daar egter nie veel geskryf nie. Wat hier volg is 'n algemene beskrywing en het nie spesifiek op Pretoria betrekking nie. Die inligting kom uit prof. Bun Booyens se boek "Nagmaalsnaweek deur die jare" [N.G. Kerk-Uitgewers 1982]. U kan gerus die boek in die hande probeer kry en lees, dit is baie interessant.

Nagmaalstye

Reeds voor die koms van Jan van Riebeeck na die Kaap het die kerkowerhede in Holland en Batavia riglyne neergelê waarvolgens die kerklike lewe op die nedersettings van die Kompanjie in die Ooste gereël moes word. Die omvattende kerkorde wat in 1642 opgestel is het bepaal dat alleen persone wat "belijdenisse der Gereformeerde religie gedoen" en getuienis van 'n vrome wandel gelewer het, tot die avondmaal toegelaat moes word. Origens is die "maniere van bedieninge" aan elke kerkraad oorgelaat. Wat die nagmaalstye in die jaarkring aanbetref, het die kerkorde dit aan die "descretie van ider kerk" oorgelaat.

Voorspel tot die viering

Die kerkorde het bepaal dat die nagmaalsgeleentheid veertien dae voor die tyd vanaf die preekstoel bekend gemaak moes word sodat die lidmate hulself behoorlik kon voorberei.

Daar is ook bepaal dat die predikante en ouderlinge in die week wat op die aankondiging volg, die lidmate moes besoek en so spoedig moontlik by die kerkraad verslag moes doen oor "eenige swaericheden", dit wil sê beletsels of griewe, wat dan nog betyds reggestel kon word. Hier het lidmate die geleentheid gekry om beswaar te maak teen die optrede en lewenswandel van medelidmate sodat laasgenoemde se deelname aan die nagmaal onder die soeklig geplaas kon word. Ons kerkgeskiedenis lewer talle voorbeelde van gevalle waar lidmate hul om persoonlike redes van die tafel verskoon het, terwyl ander vanweë politieke en sedelike redes en verhoudingsake deur die kerkowerheid toegang tot die nagmaalstafel ontsê is.

In streke waar die lidmate yl verspreid gewoon het, is die bekendmaking van die nagmaalsdatum op las van die landdros persoonlik of skiftelik deur die veldkornet in die verskillende wyke waargeneem. Een so 'n briefie wat bewaar gebly het lees as volg:

Weenen, 15 September 1842.

Mynheer en goede vriend David Bootha,
Hiermee maak ik UE. bekend dat het heilige avondmaal alhier op Weenen op die 16de Oktober zal uitgedeel word, op Vrydag den 14de is aannemen en Saterdag de 15de is voorbereiding en Sondag den 16de is nachtmaal en dankzeggen gelief aan ieder wyk bekend te maake opdat een ieder het bekend word verblyve met agting

UE. Vriend en neef
Get. A.G. Spies

Laastens is bepaal dat daar op die Vrydag wat die nagmaal voorafgaan 'n "proefpredicatie", dit is 'n voorbereidingsdiens, gehou moes word. In sommige

gemeentes is dit op die Saterdag gehou sodat nagmaalgangers nie nodig gehad het om so lank van die huis en plaas af weg te wees nie.

“Bedestonden” of bidure is dikwels saans rondom die kampvuur of vroegoggend op nagmaalsondag gehou. Dit is ook in verskillende privaat huise en tente gehou. Dit was nie die gebruike dat die predikant hierdie bidstonde bywoon nie.

Sosiale betekenis van die nagmaalsweek

Vorbereiding vir die nagmaal het ook beteken die gereedmaak van trekdiere, trekgoed en voertuie, die voorsorg vir voedsel vir ‘n dag of ses, die maak en verstel van klere vir die hele gesin en die oplaai van ‘n verskeidenheid plaasprodukte met die oog op die mark of vendusie wat ‘n inherente deel van die nagmaalsgeleentheid was. Ook die dorpenaars en handelaars het hulself vir die toeloop wat nagmaal gebring het, ingestel.

Voertuie met gesinne of selfs hele families het reeds vanaf Donderdag die binnelandse dorpe binnegery. Vir die dorpsbewoners sowel as die reeds gearriveerde buitemense het hierdie intog groot opwinding gebring. Die boer was gesteld en trots op sy trekdiere en rytuie – op die paar sweetvosse voor die verewaentjie, die rooispan met enerser weglêhorings, die sierlik beskilderde wa, die lenige spaaider agter die vier baldadige swart blesperde met hul deftige name. Maar daar was ook die gehawende deurmekaar-bontspan, seerpoot en swak in kondisie, die eselwa met die slingerende agterwiel en geskeurde watent. Ook hierdie boer durf nie wegbly nie want daar is kinders wat aangeneem of gedoop moet word, al is die klere skraap en kontant boomskraap.

Op die Noord-Tranvaalse platteland kon die besoeker nog tot in die veertigerjare van ons eeu [1900] pragtig beskilderde “nagmaalswaens” op die kerkpleine sien staan. Dit was die trots van die boer en sy gesin – soos ook die “nagmaalsrieme” wat so kenmerkend vir die trekgoed van die ossespan was. Nagmaalsrieme is spesiaal vir feesgeleenthede soos nagmaal, bruilofte en volksfeeste gebrei. Hierdie tipe rieme kon rond of plat wees, maar dié vir nagmaal was gewoonlik plat en deur ‘n besondere proses spierwit en sag gemaak. Die rieme is vlekloos bewaar en daar is sorg gedra dat dit met die in- en uitspannerij nooit met die grond of nattigheid in aanraking gekom het nie. Ons kan ons voorstel watter deftige indruk die stemmig beskilderde wa met ‘n voerspan gitswart of rooibruin osse, getooi in glansende wit nagmaalstuig, met die aankoms op kerkplein gemaak het.

Vir die jongmense het nagmaal veral tweërlei betekenis gehad: dit was ‘n unieke geleentheid vir gesellige sosiale verkeer – waaraan die jeug van die boereplase so ‘n wesentlike behoefte gehad het – en tweedens het dit gerieflikheidsshalwe gewoonlik saamgeval met die formele aanneming en voorstelling van nuwe lidmate van die gemeente.

Die keuring by aanneming was besonder streng. In 1851 het ds. Andrew Murray byvoorbeeld op Smithfield 19 jongmense ondersoek en net 4 goedgekeur. Op Winburg het 41 kandidate hul in 1852 aangemeld waarvan 23 aangeneem is en in 1884 het slegs 4 uit die 28 by Slangrivier die paal gehaal. Geen wonder dat aanneming weldra die naam “boeremartiek” verwerf het nie. Die ondersoek van die katkisanter deur die predikante en ‘n paar ouderlinge het gewoonlik op die Vrydagaand of Saterdagoggend plaasgevind. Die wat dan so “gelukkig” was om te slaag, het Saterdagoggend in hul beste kleredrag voor die gemeente verskyn, die dogters tradisioneel in wit en die seuns in splinternuwe pakke. Die bediening van die simboliese tekens aan hierdie nuwe lidmate op die Sondagoggend was ‘n vreugdevolle belewenis vir die familiekring.

Benewens die markverkopings, vandusies en basaars was dit die gesellige verkeer by die waens en tente waaraan die oueres veel plesier gehad het. In die tyd toe kommunikasiemedia nog beperk was, het nagmaal die geleentheid gebied om nuus te versprei en te verneem. Mense het gevra oor dié en daardie se gesondheid, boerderysake en hofgedinge bespreek, dispute oor kerksake gevoer en die jongste politieke verwickelinge uitgepluis.

Die gemeente om die tafel

Omdat kerkbesoek in die binneland in baie gevalle tot die April- en Oktobernagmaal beperk was en die opkoms by hierdie geleenthede gevolglik buitengewoon groot was, kon die beskeie kerkgeboue van die tyd gewoonlik nie die gemeente akkommodeer nie. Vandaar dat ons so dikwels uit berigte verneem dat die kerkgebou “propvol”, “opgepropt” of “opgepakt” was. Met sommige dienste het meeste mense in die kerk net staanplek gekry en bejaarde vroue het op veldstoeltjies gesit. Talle mense het buite rondom die deur gestaan.

Beligting was tot laat in die negentiende eeu nog so ontoereikend dat al die verrigtinge liefsvyde by daglig afgehandel moes word. In die buitewyke is die diens ook dikwels in die opelug of onder boksele gehou.

Die nagmaalsgangers was baie deftig vir die hoofdiens gekleed. Die dames het feitlik almal wit of swart uitrustings gedra. Swart was destyds nie net die kleur vir formele vrouekerkdrag nie, maar ook die algemene geldende roudragkleur. Swart uitrustings was dus volgens tradisie die aangewese drag vir die herdenking van die kruisdood.

Dit was die gebruik dat vroue flessies reukwater kerk toe saamgeneem het om die bedompigheid tydens die diens enigszins te besweer. Die swaar laventelreuk het by baie mense een van die kenmerkendste herinneringe aan die nagmaalsdiens gebly. Mans en vroue het ook selde sonder ‘n voorraad pepermente “vir die hoes” of die “gekriewel in die keel” kerk toe gegaan en dit was ‘n bedagsame gebaar wanneer iemand onopvallend suigdingetjies langs die kerkbanke afgestuur het totdat dit gunter die waarderende vriend met die knaende kuggie bereik het. Die goed gevulde snuifdoos was ook in voortdurende aanvraag en gevolglik in sirkulasie onder die naassittendes.

Alle nagmaalgangers was ook met ‘n Bybel en gesang- en psalmboek toegerus. In die negentiende eeu was die “kerkboek” of “kerkbijbel” algemeen in gebruik. Dit was ‘n enkele boekdeel wat al die bestanddele van ‘n volwaardige kerkdienst, behalwe die preek, bevat het. Dit het naamlik ‘n volledige Bybel bevat en daarbenewens die berymde psalms en evangeliese gesange, gebede vir die verskillende geleenthede, al die liturgiese formuliere, die kategismus, die kortbegrip, geloofsbelydenis en, les bes, ‘n “Ziekentroost” vir sterwendes.

Die kerkboek is ook meesal deftig uitgegee – met beslag en knippe van koper of silwer – soos die familiebybel. Dit was egter makliker hanteerbaar as die familiebybel weens die kleiner druk en formaat en was dus geriefliker om te gebruik vir kerkdienste as die familiebybel wat tuis gebruik is. Dit was destyds gebruikelik dat nagmaalsgangers die teks van die nagmaalsformulier in die kerkboek gevolg het terwyl dit van die kansel voorgelees is.

Die prediking en gebede by die nagmaal was, soos ook by alle eredienste, diepsinnig, ingewikkeld en lank. Aksiedienste het dikwels tussen twee en drie uur geduur. Dit verklaar die liberale gebruik van reukwater, pepermente en snuifdoos tydens die diens. Wat bygedra het tot die lengte van die diens was die

gebruik van die leraar om by elke tafelbesetting 'n boodskap te bring. Hierdie tafelredes – “tafelgesprekke of aanspraken” – was 'n inherente deel van die nagmaalsdiens. Enkele van die negentiende-eeuse predikante het bundels met “tafelgesprekke” gepubliseer.

Daar bestaan nie baie getuienis dat die deursnee nagmaalsganger teen die uitgerekte verrigtinge was nie. Die kritiserende Thomas Francois Burgers het wel ergerlik gevra: “Kan iemand my zeggen wat voor nut er steekt in die lange preek, die lange gebeden, die lange aanspraken by die nachmaalstafel? ... Het is toch al te onbarmhartig om ons zoo noodeloos te pijnigen.”

Die hoofrede waarom die nagmaalsdienste so lank aangehou het, was die algemene gebruik dat die nagmaalgangers in groepe beurtelings hul plekke aan die tafel(s) voor die kansel ingeneem het om met die brood en wyn bedien te word. Die beperkte ruimte het dit nie altyd moontlik gemaak om meer tafels te dek nie sodat die duur van die diens hoofsaaklik bepaal is deur die grootte van die opkoms. Dikwels is 'n geleentheid as 'n “groot nagmaal” bestempel op grond van die getal “tafels” wat bedien is, dit wil sê die getal kere dat die aansittendes plek moes maak vir 'n nuwe groep. So byvoorbeeld is daar by die Julie-nagmaal op Graaff-Reinet in 1861 nege in plaas van die gebruikelike ses gedek.

Die nagmaalsdiens van weleer was selde sonder steurnisse en ons het heelwat sydelingse en direkte verwysings na: hardop geselsery voor die kerkdeur en selfs binne nadat die kerkgangers te vroeg hul sitplekke ingeneem het; láátkom en die gepaardgaande klap van die deure; die “opjaag” van kerkgangers deur bankhuurders en so meer.

H.A.L. Hamelberg het in sy dagboek enkele interessante opmerkings neergeskrywe oor die nagmaalsdiens wat op 5 Oktober 1856 deur ds. Andrew Murray in Bloemfontein gehou is. Hy skryf dat die diens van tien- tot twee-uur die middag geduur het. Die gebou was “geheel vol”. Moeders met huilende babas op die arm loop voortdurend in en uit. Dit is nou wel so dat hulle uitloop om die “aandachtige menigte niet (te) hinderen”, dog die uitstappery op sigself en die daaropvolgende oopmaak van die deur het weer 'n “nuwe hindernis” veroorsaak. Die dominee het selfs onder die preek die moeders gevra om, nadat hulle buitentoe was, met die terugkom liever êrens naby die kerkdeur plaas te neem.


'n Volwaardige nagmaal het destyds 'n nabetrachtingsdiens op Sondagmiddag, 'n gewone diens of “oefening” in die aand en soms ook 'n dankseggingsdiens Maandagoggend ingesluit. Die doopbediening het gewoonlik by die nabetracting, en die huweliksbevestiging by die danksegging geskied. As daar nie 'n diens op Maandag was nie, het die troupare ook aan die einde van die nabetrachtingsdiens op Sondag verskyn.

Nagmaalsondag het hoë eise aan die kamphuishoudings gestel. Kommentators oor ons negentiende-eeuse nagmaalsgeleenthede maak melding van die “steviger ontbijt” wat voorberei moes word sodat die huismense sterk genoeg voel om “vier uren achtereen in groote getallen in een ongewoon digt kerkgebou” deur te bring. Verder was daar min speling tussen die einde van die aksie- en die begin van die nabetrachtingsdiens, sodat die swaar middagete gereed moes staan en dikwels haastig gebruik moes word. Om hierdie redes sou elke huisgesin, veral dié wat met die wa gekom het, 'n paar bediendes saambring het.

Ds. P.A. Strassheim wat in 1895 die Afrikaners in Enkeldoorn in die verre Rhodesië besoek het, maak ook melding van die eise van 'n nagmaalsnaweek: "A good deal of work had to be gone through; the entering of a long list of members' names in the parish register; the registration of the baptized children in the baptismal register; a meeting of members to decide various details of parish institutions; a service of preparation for the Lord's Supper; the confirmation of candidates; the Communion service; the thanksgiving service, and 'n valedictory service. After this a meeting of the vestrymen, or Kerkeraad; the signing of various parish documents and confirmation of minutes of meetings held; the visiting of the sick and aged; the consolation of the afflicted – all this and various other details had to be performed in three days by one solitary individual."

Bostaande is slegs 'n paar uittreksels uit die boek. Daar is nog baie ander interessantheite in die boek en ook 'n hele aantal foto's en sketse. Beslis die moeite werd om te lees.

Onderstaande foto is 'n skets van C.E. Turner wat in 1931 verskyn het in die Illustrated London News. Soos u kan sien is dit ook gebruik vir die stofomslag van die boek. Is dit nie 'n ongelooflike skets nie – dit gee 'n heel ander indruk as die "leë" fotos waaraan ons gewoond is van 'n klomp waens om die kerk tydens nagmaal.



Bronverwysing

Prof. Bun Booyens. **Nagmaalsnaweek deur die jare: 'n kerkhistoriese studie.**
N.G. Kerk-Uitgewers. 1982.

Ek sal in 'n volgende brief kyk of daar enige gegewens is oor Nagmaalsviering in Ou Pretoria.

Groete tot volgende jaar,
Rosa Swanepoel